DINOKENG LOFTS

NUUSBRIEF MEI 2016 / NEWSLETTER – MAY 2016

Aan almal wat ons hierdie jaar ondersteun, ons opregte waardering en mag 2016 vir julle baie vreugde inhou.

Ek wil hierdie nuusbrief gebruik om hoofsaaklike twee punte te bespreek naamlik *voorbereiding voor jonges na die hok* gestuur word asook *pokke.*

EERSTENS:
Alhoewel duiwe in verskillende fases van verveer is, is hul kondisie goed en oefen hulle op die oomblik goed. Padwerk het ook begin. `n Volledige program van oefen wedvlugte verskyn op ons webtuiste www.dinokenglofts.co.za onder „training“ en is deur Meisie aan almal gestuur. Ons heg dit weereens hierby aan.

Ons gaan eers net voor die eerste oefenvlug, Maandag 6 Junie wat op internet gaan wees die ringe toeken. Ons het eienaars laat weet as hulle duiwe om die hok verlore gegaan het, toe daar nog tyd was om hulle te vervang.

Sover was 2016 vir my `n nagmerrie wat die gesondheid van die duiwe aangaan. Ons het in die vorige vyf jaar `n gemiddeld van ± 25 sterftes per jaar gehad. Hierdie jaar was dit aansienlik meer. Regoor Suid-Afrika het ons gehoor van hokke waar die sterftes ongelooflik hoog was en dit is `n tendens wat algaande toeneem. Ongelukkg het van die duiwe in ons hokke beland en so is die virus na ons hok oorgedra. Ons het duiwe wat tekens getoon het van siektes eenkant gesit en behandel. Ons het die hok met `n vlam gebrand ± 8 keer en gewas met Virokill, ook ± 8 keer. Ongelukkig het die duiwe wat tekens van ongemak getoon het alreeds `n ander een aangesteek wat nie enige tekens van die siekte getoon het nie en soedoende begin die proses van vooraf. Slegs deur harde werk en toewyding kon ons dit tot `n minimum beperk. Ons het almal laat weet van ongevalle sodat hulle duiwe kon vervang as hulle kon en wou. Wat baie interessant was is dat daar baie duiweboere is wat geen of slegs enkele ongevalle gehad het. Dit bring my by bogenoemde twee punte:

A. VOORBEREIDING VOOR JONGES NA DIE HOK GESTUUR WORD:
   1. Jong duiwe moet goed en gesond grootword met geen tekorte nie.
   2. Ent jonges vir paramyxo op speen ouderdom en gee `n kanker pilletjie.

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com

3. Ent `n 2de keer vir paramyxo tussen 11 en 14 dae na eerste keer. Ent een keer met duiwe variant en een keer met hoender variant.
4. Vir die wat wil – ent vir paratifus ook op speen ouderdom.
5. *MOENIE ENT VIR POKKE NIE!!!!!!!!!*
6. Stuur jonges na hok 11 dae na 2de inenting of later. Ons "home" hulle baie maklik met die net oor ons binnehof. Jonges is sterker en immuniteit is ook beter na drie weke.

Duiweboere wat dit so doen se duiwe word selde siek in die hok.

Ek vra nie daarvoor om my werklas of verpligtinge te verminder nie, ek gaan hulle in elk geval ent vir paramyxo en behandel vir kanker, wurms, koksidiose ens. Ek vra dit om vir jou die beste kans op sukses in die hok te gee en as gevolg daarvan verbeter dit almal se kanse in die hok.

ASB. MANNE DIT IS BAIE BELANGRIK VIR ALMAL SE DUIWE

B. POKKE:
Moet asb. nie die duiwe ent vir pokke voor jy jou duiwe na die hok toe stuur nie. AS jy regtig wil moet jy asb. *die duiwe eers stuur wanneer die pok gesond geword het en die roof afgeval het.*

Ons ent self die duiwe vir pokke. Ons doen dit halfpad deur ons opname en weer aan die einde. Ons kan nie elke duif ent by aankoms nie, want jy kan nie oopgemaakte entstof bêre nie. Ek wil ook nie die risiko loop om duiwe te ent en dan groei dit nie.

Ons groot probleem is as iemand sy duiwe ent en dan na die hok stuur dan kry die ander ongeënte duiwe die pokke op die ooglede, op die neusvratte en in die bek. Party van die duiwe se pokke groei baie agressief, so erg dat hulle oë toe is. Daar is duiwe wat in uiterste gevalle nie kan eet nie. My ondervinding met die pokke is hoe meer ek daaraan karring hoe erger raak dit.

Asb. manne ek belowe jou ek sal jou duiwe ent. Jou samewerking sal my baie probleme spaar. Soos ek gesê het jy kan dit self doen, maar moet dan nie die duiwe stuur voor die ente gesond is nie.

Voorspoed vir almal met die seisoen op hande.

Our genuine appreciation to everyone who has supported us this year, may 2016 bring you much joy.

Through the medium of this newsletter I would like to discuss two major topics; namely *preparation of young birds prior to being sent to our loft* and *vaccination against pox.*

FIRSTLY:
Despite pigeons being at various stages of moulting they are in good condition and training well. Tosses have commenced. The complete 2016 training programme is available on our website www.dinokenglofts.co.za under the heading "training". Meisie has sent it to all our entrants, please find the same attached.

The pigeons have no electronic rings at this stage. The electronic rings will only be allocated before the 1st training flight to be displayed on the internet scheduled for Monday 06 June 2016. Entrants were notified if their pigeons were lost during orientation affording them the opportunity to replace them before intake closed.

Thus far,2016 has been a nightmare for me concerning the health of the pigeons. We experienced an average of ± 25 deaths per year during the last five years. This year it has been significantly more. We have heard of unbelievably high death rates in lofts across South Africa and it is a trend that is on the increase.

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com

Unfortunately the virus was transmitted to our loft by some infected birds being entered. We isolated and treated birds that showed signs of ill health. We torched the loft with an open flame ± 8 times and washed the entire loft with VIROKILL the same number of times. Some pigeons who displayed no symptoms had already become infected and as a result the whole process started from scratch. Only through hard work and dedication could we restrict it to a minimum. We notified everyone who suffered any casualties so they could replace their bird/s. Interestingly enough there were many fanciers who suffered no losses or had an individual casualty. This brings me to the 2 major issues.

A. PREPARATION OF YOUNG BIRDS PRIOR TO BEING SENT TO OUR LOFT:
   1. Young birds must be reared well with no deficiencies.
   2. Vaccinate young birds against paramyxo upon weaning and dose with a cancer pill.
   3. Vaccinate a 2nd time against paramyxo 11-14 days after the 1st vaccination. Vaccinate once with a pigeon variant and once with a chicken variant.
   4. Optional: Vaccinate for paratyphoid upon weaning.
   5. *DO NOT VACCINATE FOR POX*
   6. Despatch young birds to our loft 11 days after 2nd vaccination or later. They are comfortably homed under a net covering our courtyard. Young birds will be stronger and their immunity improved after 3 weeks.

Fanciers who follow this procedure rarely have sick birds in the loft.

This request is not to minimise my workload or responsibilty, as my programme will still include vaccination for paramyxo and treatment for cancer,worms,coccidiosis etc. My request is merely to afford you the best chance for success at the loft and thereby improving everyone's chances

PLEASE: THIS IS OF UTMOST IMPORTANCE CONCERNING EVERYONE'S PIGEONS

B. POX:
   Please DO NOT vaccinate your pigeons against pox before despatching to our loft. If you insist please *only despatch once the pock has healed and the scab has dislodged.*

   We do vaccinate the pigeons for pox, firstly halfway during intake and again after the final pigeons have arrived. We can't vaccinate each bird upon arrival as the vaccine must be discarded once opened. I also do not want to run the risk of the vaccine not taking.

   The major problem with pigeons vaccinated for pox prior to being entered into the loft, is whenever they fight with other pigeons those pigeons develop pocks on their eye-lids,wattles and beaks. Some pocks develop so aggressively that the entire eye is closed up. In extreme cases some birds can't eat. My experience with pox is the more I interfere the worse it becomes.

   Please guys I promise I will vaccinate your pigeons for pox. Your co-operation will save me a lot of effort.

All of the best to everyone for the upcoming season.

Groete/Regards.

Banie Deetlefs
082 872 4826

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com